

**Titel:** Waar hang jou vyeblaar?  
**Pastor:** De Waal Esterhuizen  
**Datum:** 23 Mei 2010  
**Tyd:** 09h30



**a:** In die begin

**1. Adam & Eva**

- Die mens werk
- God sien dis nie goed dat die mens alleen is nie
- Die mens werk
- Die mens kry hulp

**Gen 2:25**

En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie.

**2. die slang**

**Gen 3:1&3**

<sup>1</sup>Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?...<sup>3</sup> maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe.

**3. openbaring**

**Gen 3:7**

Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak.

❖ **Wegkruipertjie**

**b:** Die Plan

**1. wat behels dit?**

**Jes 53:4-6**

<sup>4</sup> Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. <sup>5</sup> Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. <sup>6</sup> Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtheid van ons almal op Hom laat neerkom.

**2. wat word van ons verwag?**

**Open 3:18-20**

<sup>18</sup> Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. <sup>19</sup> Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. <sup>20</sup> Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

### 3. die toepassing

#### **Jes 61:1-3**

<sup>1</sup> Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebroekenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; <sup>2</sup> om uit te roep 'n jaar van die welbehag van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos; <sup>3</sup> om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking.

### 4. die blink oomblik

#### **Joh 3:4-6**

<sup>4</sup> Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? <sup>5</sup> Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. <sup>6</sup> Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.

#### **c: Ruil jou vyblare**

Hoe?

#### **Rom 10:9-11**

<sup>9</sup> As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; <sup>10</sup> want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. <sup>11</sup> Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.

#### **Jak 5:16**

Bely julle sondes openlik teenoor mekaar en bid vir mekaar sodat julle genees kan word